DR. JONKER NA KAMPEN

Deur 'n Verslaggewer

DR. W. D. Jonker, leraar van die NG gemeente Johannesburg-Oos, het 'n tweede beroep as hoogleraar in die teologie na die teologiese kweekskool van Kampen, Nederland, aangeneem.

Dr. Jonker sê hy het Dinsdag 'n kabelgram van die Sinode van Gereformeerde Kerke gekry en gister het hy sy gemeente meegedeel hy neem die beroep aan.

In September verlede jaar het hy vir dieselfde beroep bedank.

Dié beroep word beskou as 'n besondere onderskeiding en dr. Jonker is die eerste Suid-Afrikaner wat die eer kry. Die gebruik is dat die Sinode iemand beroep wanneer daar 'n vakature is. pleks van om aansoeke te vra.

Dr. Jonker (39) het in 1955 sy doktersgraad aan die Vrije Universiteit van Amsterdam behaal en is ook 'n oud-student van Kampen.

Hy was voorheen studenteleraar op Potchefstroom en later predikant van Braamfontein.

In 1965 is hy aangestel as hoogleraar in teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika en daarna was hy leraar van Johannesburg-Oos. Hy was tot verlede jaar voorsitter van die Ring van Johannesburg.

Dr. en mev. Jonker het vier kinders. Hulle sal waarskynlik in Julie na Nederland vertrek. Die akademiese jaar daar begin in September.

Dr. Jonker meen sy vakgebied sal die funksionering van die ampte van die predikant, die ouderling en die diaken wees.